## ***Uit die hoof se kantoor:***

Geagte Ouer / Voog en Gemeenskap

Baie welkom by kwartaal 3 van 2025, mag dit vir een en elk `n geseënde kwartaal wees met voorspoed, gesondheid en genade.

Ons dank aan elkeen wat ons dogters se hokkietoer moontlik gemaak het en hul die ongelooflike geleentheid kon bied om te leer, te ontwikkel en as span saam te snoer. Geluk dogters met jul voorbeeld gestel op toer as Corrie-leerders.

Dankie aan ons hengelaars wat die vakansie `n hengelkurses bygewoon het en jouself so verbeter om daardie grotes uit te trek met ons volgende groot kompetisie.

Ons dank aan ons afrigters en leerders met hulp van ouers wat soveel tyd gee vir ons kultuur veral by spanredenaars. Ek is so trots op elkeen wat redenaars /spanredenaars beoefen en so jouself voorberei om op 'n positiewe manier `n saak te kan beredeneer - wat jou beslis in jou loopbaan sal help.

Ons gelukwensing aan leerders met jul akademiese prestasies en ook elkeen wat deel is van ons toppresteerders. Akademie is en sal die belangrikste aspek van skool bly, jy wil tog eendag die beste "JY" kan wees. Daarmee saam ons voorreg om Godsdiens deur CSV en samesang te mag beoefen.

Ons beste wense vergesel elke leerder wat ons op elke terrein verteenwoordig. Ons hou julle dop en weet jy sal jou beste gee waar jy ook ons skool verteenwoordig, akademie, sport en kultuur.

Baie welkom terug aan ons personeel en ek is dankbaar vir jul ekstra myl wat julle daagliks stap vir ons gemeenskap. Ons besef ook dat daar tye is om nuwe personeel te verwelkom en tye waar ons personeel moet groet. Ons nader die tyd waar ons dames moet groet wat aftreë ouderdom bereik en sal dan op gepaste manier die dames in Desember groet. Me E Keefe, Me Y Gerber en Me H Cloete - mag jul laaste paar maande saam met ons, maande van seën en voorspoed inhou, ons waardeer julle ongelooflik baie!

Baie geluk aan meneer A Du Preez wat ons skool en ons land verteenwoordig het met hengel en ons sommer baie trots gemaak het, dankie vir u positiewe invloed op ons jeug.

Fondse: Ouers ons poog werklik om ons skool opgeknap te hou. Ons is dankbaar vir elkeen wat die R600 betaal om as boufonds of terreinfonds te dien. Ons het dan ook die diskussirkel verbeter en moet nou kyk na diefwering by klaskamers, nadat ons weer onwelkome besoekers gehad het. Ons poog ook om ons sekuriteitstelsel op te gradeer om snags te help.

Graag sal ons nou beide hoofingange wil opgradeer, verfraai en mooi maak. Ons waterlekke is herstel en nuwe pype is aangelê. Ons gaan nou `n hele nuwe kaskardag probeer en vra u positiewe ondersteuning. Kaskardag se nuwe baadjie sluit in verkope en pret. Ek besef die druk op u finansies, maar ons het werklik fondse nodig om interaktiewe borde en oorhoofse projekters en ook skootrekenaars te bekom om te beweeg na tegnologie wat leerders se aandag behou en met akademie sal help. Weet waar daar leerders met behoefte is, sal ons ook na hulle kyk soos ons daagliks doen met broodjieprojek.

Ons dank aan juffrou L en J Du Plessis met jul projek , damestee wat beslis`n hoogtepunt op ons kwartaal se kalender gaan wees.

Dankie aan ons bemarker me. L Van Zyl en ons nuwe borge wat reeds `n groot verskil gemaak het. Ons kan nie sonder julle ons skool op die standaard hou wat ons graag wil nie. Juffrou ons paviljoen lyk sommer nuut en ons is dankbaar vir daardie mooi verbetering. Ons sien u planne vir ons skool en glo ons nuwe borge sal `n reuse verskil maak.

Mag kwartaal 3 God se seën bring vir ons elkeen en mag ons altyd besef met `n glimlag kan ons soveel meer help en iemand net weer laat besef ek sien jou raak - ons ken nie die pakkie wat die persoon langs jou dra nie en daardie glimlag of positiewe woord mag net die grootste verskil maak. Mag ons pakkie van probleme deur Hom ligter gemaak word en mag ons nooit `n tree sonder God probeer loop nie.

_______________________

C Blignaut
Hoof

**Mini-krieket**
Proewe was 29ste Julie gehou - een O/7 en een O/8 span is gekies.

Datums van belang:

13 Aug - Baanbreker (weg)
20 Aug - Elspark (weg)
21 Aug - Westwood (weg)
28 Aug - Witfield (tuis)